

verseker slegs dat voordele wat die ongebore vrug na geboorte mag toeval *in suspensio* gehou word tot sy geboorte. P C Smit aw te 172-199; en *Pinchin*-saak *supra* te 260B.

Waar die ongebore vrug nie lewend gebore word nie is daar geen sprake van enige regte wat hom toeval nie en kleef geen regte aan hom, op grond waarvan gesê kan word dat hy 'n regsobjek is nie. P C Smit aw te 214-217. Waar die ongebore vrug se "regte" met hom sterf, is daar ook geen ruimte vir die uitbreiding van die *nasciturus*-fiksie tot die beskerming teen vrugafdrywing nie.

In die omstandighede is ek geensins tevrede gestel dat die *nasciturus*-fiksie verder uitgebrei behoort te word nie.

6.1 Die Wet op Vrugafdrywing en Sterilisasie 2 van 1975, wat die belange van die ongebore vrug of *foetus* strafregtelik met die nodige sanksies beskerm, laat ook, ingeval van die beweerde verkragting van die moeder, vrugafdrywing slegs toe as aan die bepaalde voorskryfte voldoen word. So moet ingevolge art 6 (4) van gemelde Wet die landdros van die betrokke distrik as voorvereiste "n sertifikaat uitreik met die stelling dat:

"(a) hy homself oortuig het—

(i) dat 'n klagte betreffende die betrokke beweerde onwettige vleeslike gemeenskap by die polisie ingedien is, of, indien so 'n klagte nie aldus ingedien is nie, dat daar 'n goeie en aanvaarbare rede is waarom 'n klagte nie aldus ingedien is nie;

(ii) na 'n ondersoek van enige betrokke stukke deur die Polisie aan hom voorgelê en na die ondervraging van die betrokke vrou of ander persoon wat hy nodig ag, dat onwettige vleeslike gemeenskap volgens oorwig van waarskynlikheid met die betrokke vrou plaasgevind het; en

(b) . . . die betrokke vrou in 'n beëdigde verklaring aan die landdros voorgelê, of in 'n verklaring onder eed aan die landdros beweer dat die swangerskap die gevolg is van bedoelde verkragting. . . .

By hierdie verrigtinge voor die landdros is daar na my mening geen ruimte of behoefte vir die verskyning van 'n kurator *ad litem* namens die ongebore nie, wie se belange behartig word deur die landdros wie slegs as hy oortuig is volgens die voorskryfte 'n sertifikaat sal uitreik. Dit sou 'n vrou die onnodige koste van bestrede verrigtinge wat tydsaam en gepaard gaan met koste, veroorsaak. Die applikant het ook op hierdie aspek nie voldoende gronde voorgelê vir die aanstelling van 'n kurator *ad litem* by sodanige verrigtinge ingevolge art 6 (4) van die gemelde Wet nie.

7.1 Vir hierdie redes het ek applikant se aansoek van die hand gewys met koste.

Applikant se Prokureurs: *Synington & De Kok*. Respondent se Prokureurs: *Rosendorff, Venter & Brink*.

VORSTER v STEYN NO EN ANDERE

(ORANJE-VRYSTANTSE PROVINSIALE AFDELING)

1980 Augustus 7 LCSTEYN R

* *Insolvensie—Rehabilitasie—Insolvent het gedurende insolvensie eien-dom van sy vader geërf—Bepaling in testament dat, as sy seun by vader se dood 'n insolvent is, die opbrengs van die boedel in 'n trust moes gaan—Bepaling 'n nudum praecipitum—Erfenis gevolglik 'n bate van die insolvente boedel—Wet 24 van 1936 art 20 (2)—Hof het geen diskresie om enige deel van die erfenis, wat 'n boedelbate by rehabilitasie was, aan die insolvent toe te wys nie.*

Die applikant het aansoek vir sy rehabilitasie gedoen en ook gesmeek vir 'n uitwysingsbevel dat 'n sekere bedrag en ook sekere vaste eiendom wat hy ingevolge sy vader se testament geërf het die applikant se eiendom was. Die bepaling in die testament het as volg gelees: "I hereby bequeath my entire estate, movable and immovable, to my son (die applikant), the proviso being that, if at the time of my death the said (son) happens to be an insolvent, the proceeds of my estate should go into a trust until such time as the said (son) is rehabilitated". Die aansoek om rehabilitasie is toegestaan, maar ten opsigte van die vestigingsbevel.

Beslis, dat die erfenis nie buite die bereik van applikant se skuldeisers geplaas kon word nie en die bepaling in die testament "n nudum praecipitum" was; die erfenis het gevolglik ingevolge art 20 (2) van die Insolvensiewet 24 van 1936 in die insolvente boedel gevestig.

Beslis, verder, dat die Hof nie 'n diskresie gehad het om enige gedeelte van die erfenis, wat 'n boedelbate by rehabilitasie was, aan die applikant toe te wys nie.

Aansoek om rehabilitasie en 'n vestigingsbevel. Die feite blyk uit die uitspraak.

* *Insolvency—Rehabilitation—Insolvent had during insolvency inherited property from his father—Provision in will that, if the son is an insolvent at the father's death, the proceeds of the estate should go into a trust—Provision a nudum praecipitum—Inheritance accordingly an asset of the insolvent estate—Act 24 of 1936 s 20 (2)—Court has no discretion to award any portion of the inheritance, which was an estate asset at rehabilitation, to the insolvent.*

The applicant had applied for his rehabilitation and had also prayed for an order vesting in him an inheritance of a certain amount and also certain immovable property which he had inherited under his father's will. The provision in the will read as follows: "I hereby bequeath my entire estate, movable and immovable, to my son (the applicant), the proviso being that, if at the time of my death the said (son) happens to be an insolvent, the proceeds of my estate should go into a trust until such time as the said (son) is rehabilitated". The application for rehabilitation was granted, but in respect of the vesting order.

Held, that the inheritance could not be placed beyond the reach of the applicant's creditors and the provision in the will was a nudum praecipitum (a nude prohibition); the inheritance had, accordingly, vested in the insolvent estate in terms of s 20 (2) of the Insolvency Act 24 of 1936. *Held*, further, that the Court had no discretion to award to the applicant any portion of the inheritance, which was an asset of the estate on rehabilitation.

SP B Hatcke namens die applikant.
GA Hattingh namens die respondentente.

- A LCSTEYN R: 1.1 Die applikant vra in sy kennisgewing van mosie:
(1) 'n bevel vir die rehabilitasie van die applikant,
(2) 'n uitwysingsbevel dat die erfposie van die applikant ten bedrae van R35 958,96 asook erf 522 Hentiesbaai en besigheidserf 46 geleë in die distrik Delmas, die applikant se eiendom is.
- B Alternatiewelik:
'n Uitwysingsbevel dat 'n bedrag wat bogemelde agbare Hof regen billik mag ag, die eiendom van die applikant is;
(3) verdere en/of alternatiewe regshulp.
- 1.2 Die applikant se aansoek vir sy rehabilitasie, word nie teengestaan as sulks nie, maar slegs of dit voorwaardelik moet wees.
- C Die aangevraagde uitwysingsbevel word egter teengestaan deur die applikant se kurator, bewese skuldeisers Kaplen, Rembrandt Court Holdings (Pty) Ltd, Trustbank en Nedbank.
- 2.1 Na applikant se boedel onder sekwestrasie geplaas is, het hy uit sy vader se boedel 'n bedrag van R35 958,96 kontant geërf, asook die volgende onroerende bates:
(i) erf 522, Hentiesbaai; en
(ii) besigheidserf 46 geleë in die distrik Delmas.
- 3.1 Die testament ingeвоel waarvan applikant gemelde erfenis ontvang het, het soos volg gelees:
"I hereby bequeath my entire estate — movable and immovable — to my son, Peter William Vorster, the proviso being that, if at the time of my death the said Peter William Vorster happens to be an insolvent, the proceeds of my estate should go into trust until such time as the said Peter William Vorster is rehabilitated."
- 4.1 Die kernvrae vir beslissing in hierdie aansoek is die volgende:
(a) of die erfenis gevestig het in die insolvente boedel van applikant, en indien wel
(b) of die Hof enige diskresie het om enige gedeelte van die erfenis aan applikant by rehabilitasie toe te wys.
- 5.1 Dit is duidelik dat die testateur se bedoeling was om 'n trust te skep slegs om sy seun, die applikant, teen sy skuldeisers te beskerm, indien hy ten tyde van die vestiging van die erfenis insolvent sou wees, wat hy inderdaad was. Die testament het dan ook nie bepaal vir wie se voordeel die erfenis aangewend moes word, indien daardie gebeurtenis, naamlik insolvensie, sou plaasvind nie, maar die erfenis bly in bewaring in die trust tot sy rehabilitasie.
- 5.2 Sodanige skemas kan egter nie 'n erfenis buite die bereik van sy skuldeisers plaas nie, en die bepaling dat die erfenis by sy insolvensie tydelik oorgaan na 'n trustfonds, is 'n *nudum praeceptum*, sonder enige regsdrag.
- Honoré stel die posisie duidelik in sy werk *The South African Law of Trusts* 2de uitg para 90 te 108:
"When a testator gives the ownership or *corpus* of property to someone by will he cannot thereafter impose restrictions on the use of the property by the beneficiary, unless he does so in favour of a person or persons other than the beneficiary or for a defined impersonal object. A restriction imposed purely in the interests of the beneficiary does not bind him and is termed a *nudum praeceptum*." If the testator purports to impose such a prohibition by way of trust, the trust is not in general invalid, but it does not bind the beneficiary, who may insist on administering the property himself to the exclusion of the trustee, as may his trustee in insolvency."
- A Die skrywer gaan egter voort om aan te toon dat die trust in die betrokke omstandighede ongeldig sou wees. Die gesaghebbende werk, *Mars The Law of Insolvency in South Africa* 6de uitg deur *Hockly*, som die huidige regsposisie soos volg op:
"It may now be regarded as settled that a direction in a will merely that a bequest shall not be liable to attachment at the instance of the beneficiary's creditors is of no effect in law, but if in addition there is a further direction that on the beneficiary's insolvency the bequest shall pass to some other person, or that the executors may in their absolute discretion divert it to some other person, the effect is to oust the beneficiary's trustee."
- C en vermeld die nodige gesag vir die stellings.
Hierdie trustskema het derhalwe nie die beoogde gevolg gehad nie, en die erfenis vestig in die insolvente boedel, ingevolge art 20 (2) van die Insolvensiewet 24 van 1936 soos gewysig.
- D Dit was ook die mening van die Meester van die Hoogeregshof.
- 6.1 In *Ex parte Odendaal* 1949 (1) SA 914 (O) te 915 vat Horwitz, R. na my mening, die omvang van die Hof se reg om te beskik oor bates wat die insolvent tydens sy sekwestrasie en voor rehabilitasie verkry het, bondig korrek saam, en ek kursiveer gedeeltes in die aanhaling om die nodige klem daarop te plaas:
"Onder die bepaling van die *Insolvensiewet* is dit duidelik dat, in die algemeen, besittings wat die insolvent verkry in die tydperk van sy insolvensie en voor sy rehabilitasie, die eiendom van sy kurator word wat daarmee mag handel ten behoeve en voordeel van die krediteure. Daar is egter omstandighede waarin 'n insolvent bates mag verkry waarop sy kurator geen aanspraak mag maak nie. En, alhoewel daar geen statutêre mag aan die Hof verleen word om 'n insolvente persoon te verklaar as etenaar van vaste of losse goed wat hy voor sy rehabilitasie verkry het nie, is daar nogtans sake waarin ons Howe sulke verklarende bevels ten gunste van die insolvent uitgereik het. Die reg daartoe, waat die bates verkry is in omstandighede wat die kurator geen reg of aanspraak daarop gee nie, kan nie in twyfel getrek word nie. Waar egter sulke bates volgens die *statute* in die boedel val, dan is geen Hof by magte nie om enige bevel uit te reik wat die kurator of die krediteure hul regte tot daardie bates ontneem nie. As daar beslissings bestaan wat 'n bevel ten gunste van 'n insolvent in sulke omstandighede vergun, dan kan ek myself nie met hulle ver-eenselwig nie. Ek is ook nie bereid om sulke beslissings as bewys van die praktyk van hierdie Hof te aanvaar nie, omdat 'n praktyk nie kan bestaan wat teenstrydig is met statutêre bepalinge van ons Wetgewer nie. Die Hof is egter bevraeg om 'n bevel uit te reik wat vaste eiendom aan 'n insolvent van sy boedel oordra waar die kurator en die krediteure geen aanspraak maak op sulke eiendom nie en waar hulle met volle kennis van die feite af-stand doen van hul regte. Waar so 'n bevel uitgereik mag word, moet, in terme van die beslissings hiervoor aangehaal, bewys gelewer word dat die kurator en al die krediteure volle kennis dra van die feite, hetsy hulle bewys van hul eise teen die boedel ingedien het al dan nie (teens die eis al verjaar het) en dat geen een van die insolvent se krediteure beswaar maak teen die uitreiking van die vereiste bevel nie."
- 6.2 Die gevalle waar 'n insolvent bates verkry het waarop sy kurator

tion imposed purely in the interests of the beneficiary does not bind him and is termed a *nudum praeceptum*." If the testator purports to impose such a prohibition by way of trust, the trust is not in general invalid, but it does not bind the beneficiary, who may insist on administering the property himself to the exclusion of the trustee, as may his trustee in insolvency."

A Die skrywer gaan egter voort om aan te toon dat die trust in die betrokke omstandighede ongeldig sou wees. Die gesaghebbende werk, *Mars The Law of Insolvency in South Africa* 6de uitg deur *Hockly*, som die huidige regsposisie soos volg op:
"It may now be regarded as settled that a direction in a will merely that a bequest shall not be liable to attachment at the instance of the beneficiary's creditors is of no effect in law, but if in addition there is a further direction that on the beneficiary's insolvency the bequest shall pass to some other person, or that the executors may in their absolute discretion divert it to some other person, the effect is to oust the beneficiary's trustee."

C en vermeld die nodige gesag vir die stellings.
Hierdie trustskema het derhalwe nie die beoogde gevolg gehad nie, en die erfenis vestig in die insolvente boedel, ingevolge art 20 (2) van die Insolvensiewet 24 van 1936 soos gewysig.

D Dit was ook die mening van die Meester van die Hoogeregshof.

6.1 In *Ex parte Odendaal* 1949 (1) SA 914 (O) te 915 vat Horwitz, R. na my mening, die omvang van die Hof se reg om te beskik oor bates wat die insolvent tydens sy sekwestrasie en voor rehabilitasie verkry het, bondig korrek saam, en ek kursiveer gedeeltes in die aanhaling om die nodige klem daarop te plaas:
"Onder die bepaling van die *Insolvensiewet* is dit duidelik dat, in die algemeen, besittings wat die insolvent verkry in die tydperk van sy insolvensie en voor sy rehabilitasie, die eiendom van sy kurator word wat daarmee mag handel ten behoeve en voordeel van die krediteure. Daar is egter omstandighede waarin 'n insolvent bates mag verkry waarop sy kurator geen aanspraak mag maak nie. En, alhoewel daar geen statutêre mag aan die Hof verleen word om 'n insolvente persoon te verklaar as etenaar van vaste of losse goed wat hy voor sy rehabilitasie verkry het nie, is daar nogtans sake waarin ons Howe sulke verklarende bevels ten gunste van die insolvent uitgereik het. Die reg daartoe, waat die bates verkry is in omstandighede wat die kurator geen reg of aanspraak daarop gee nie, kan nie in twyfel getrek word nie. Waar egter sulke bates volgens die *statute* in die boedel val, dan is geen Hof by magte nie om enige bevel uit te reik wat die kurator of die krediteure hul regte tot daardie bates ontneem nie. As daar beslissings bestaan wat 'n bevel ten gunste van 'n insolvent in sulke omstandighede vergun, dan kan ek myself nie met hulle ver-eenselwig nie. Ek is ook nie bereid om sulke beslissings as bewys van die praktyk van hierdie Hof te aanvaar nie, omdat 'n praktyk nie kan bestaan wat teenstrydig is met statutêre bepalinge van ons Wetgewer nie. Die Hof is egter bevraeg om 'n bevel uit te reik wat vaste eiendom aan 'n insolvent van sy boedel oordra waar die kurator en die krediteure geen aanspraak maak op sulke eiendom nie en waar hulle met volle kennis van die feite af-stand doen van hul regte. Waar so 'n bevel uitgereik mag word, moet, in terme van die beslissings hiervoor aangehaal, bewys gelewer word dat die kurator en al die krediteure volle kennis dra van die feite, hetsy hulle bewys van hul eise teen die boedel ingedien het al dan nie (teens die eis al verjaar het) en dat geen een van die insolvent se krediteure beswaar maak teen die uitreiking van die vereiste bevel nie."

6.2 Die gevalle waar 'n insolvent bates verkry het waarop sy kurator

geen aanspraak het nie, is nie hier ter sprake nie en word hierin verder slegs gehandel met die geval waar die bates regtens in die insolvente boedel vestig.

6.3 Waar bates in die insolvente boedel vestig ingevolge arts 20 (2) en art 23 (1) van die Insolvensiewet en nie ingevolge sub-arts (6)-(9) van art 23 daarvan uitgesluit word nie, handel die kurator daarmee volgens die opdragte van die krediteure.

6.4 Die betoog namens applikant was dat die Hof 'n diskresie het om gelde wat vestig in die insolvent se kurator aan die insolvent toe te sê by sy rehabilitasie, en steun daarvoor op bepaalde gewysdes wat nou ondersoek sal word.

6.5 *Muller v Vrystaat Koöperasie Bpk* 1967 (1) SA 334 (O) is geen gesag daarvoor, en bepaal geensins dat die Hof nieiteenstaande beswaar van bewese krediteure so 'n mag het nie, maar slegs dat waar na die nodige kennisgewings daar geen wettige beswaar van die kurator of die skuldeisers is nie, die Hof so 'n bevel kan maak, en stel dit soos volg:

"Dit het hy gedoen en, in die afwesigheid van enige wettige beswaar, is die Hof geregtig om te aanvaar dat alle skuldeisers en ander belanghebendes inwilling dat so 'n bevel toegestaan word (vgl. *Ex parte Kriel (supra)*). Slegs die maatskappy het beswaar gemaak, maar dit is gemeene saak dat hy geen eis in die boedel ingedien het nie en dat, bowendien, sy eis reeds verjaar het. Hy kan geen verdere eis teen die boedel indien nie."

DE VILLIERS R het ook nie in art 127 so 'n mag gesien nie, maar bepaal korrek dat dit verleen

"aan die Hof 'n wye diskresie om na gelang van al die omstandighede 'n rehabilitasiebevel toe te staan onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat die Hof wenslik ag. So kan die Hof bepaal dat 'n verdere dividend betaal word aan 'n skuldeiser wat nie sy eis bewys het nie, selfs waar die eis reeds verjaar het".

Met ander woorde, dit verleen geen diskresie om die krediteure iets wat hulle wettiglik toekom te ontnem nie, maar om die insolvent verder te beswaar deur voorwaardes op te lê vir sy rehabilitasie.

6.6 Die applikant steun veral swaar op *Ex parte Grobbelaar* 1977 (4) SA 584 (O).

Dit blyk egter duidelik te 585F dat daar geen onvoorwaardelike beswaar teen die vestigingsbevel was nie, ek haal aan:

"Soos met die aansoek om rehabilitasie word daar ook geen onvoorwaardelike beswaar opgewerp teen die verlening van die vestigingsbevel as sulks nie, maar die kurator, die Weesheer en Barclays Nasionale Bank vra almal dat 'n betalings-verpligting aan die rehabilitasiebevel gekoppel word."

Wat die teenstand van Barclays Nasionale Bank betref, blyk die aard daarvan uit 'n brief namens hulle aan daardie applikant wat afsluit:

"Ons kliënte deel ons mee dat hulle bereid sal wees om hulle beswaar terug te trek teen betaling van die bedrag van R1 200."

Dit is duidelik dat hier op die meeste 'n voorwaardelike beswaar was wat ingeklee was as 'n versoek om aan die rehabilitasiebevel 'n betalings-verpligting te koppel. Die Hof het die aangeleentheid verder afgehandel onder art 127 (2). Die skuldeiser Barclays Bank, wat wettig beswaar kon maak teen die vestigings-

bevel as sulks en voorwaardelik beswaar gemaak het, se voorwaardelike beswaar van betaling van R1 200 is erken in die bevel.

Ook hierdie saak is geen gesag vir 'n stelling dat 'n Hof aan die insolvent bates kan toewys, wat in die insolvente boedel vestig. A desnieteenstaande beswaar van die skuldeisers nie.

6.7 Dit is nodig om te beklemtoon dat by hierdie aansoek twee situasies kan ontstaan, waarvoor verskillende oorwegings geld, en wat duidelik onderskei moet word.

Die eerste is waar oorweeg word of 'n vestigingsbevel ten gunste van die applikant vir rehabilitasie toegestaan moet word, ten opsigte van bates wat in die insolvente boedel vestig. Hier kan op grond van die Insolvensiewet, soos duidelik ingesien in *Ex parte Odendaal (supra)* en *Muller v Vrystaat Koöperasie Bpk (supra)*, sodanige bevel alleen verleen word, waar die skuldeisers afstand gedoen het van hulle regte geheel of gedeeltelik of vanweë hulle nie-oepising daarvan of nie teenstand tot die bevel geag word afstand te gedoen het, of toegestem het.

Die uitwysingsbevele wat wel op grond van afstanddoening ens gemaak is, is geregtig omdat die insolvent by rehabilitasie 'n resterende belang het by enige oorskot in die boedel. Die Hof het egter geen mag om die onvoorwaardelike beswaarmakende skuldeisers van hulle bestaande regte te ontnem nie.

Die tweede situasie is waar, onder art 127 (2) van die Insolvensiewet, voorwaardes opgelê word vir die rehabilitasiebevel en waar die Hof 'n diskresie het, en wat ook met die aparte oorwegings wat daarvoor geld oorweeg is deur DE VILLIERS R in die *Muller*-saak *supra*. *Ex parte Grobbelaar (supra)* het grotendeels met hierdie tweede situasie gehandel, en ten opsigte van die bevel sover dit Barclays Bank raak, steun dit op 'n gedeeltelike afstanddoening.

6.8 Die applikant het ook na my mening steun gesien in *Brown v Ooshuizen en Ander* 1980 (2) SA 155 (O) wat nie bestaan nie.

Wat die eerste situasie betref spreek FLEMING R hom duidelik en korrek uit te 158C-D:

"Dit was tereg gemeene saak dat omdat art 23 van die Insolvensiewet 24 van 1936 nie die teendeel bepaal nie, die genoemde reg om te erf ingevolge arts 20 (2) en 23 (1) van daardie Wet deel van die 'boedel' gevorm het wat luidens art 20 (1) (d) in die kurator gevestig is. Namens applikant is aangevoer dat die Hof 'n billikeheidsdiskresie het om te bevel dat die betrokke bate voortaan in applikant vestig. Teenoor die duidelike voor-skrif dat, behalwe waar die Wet self anders bepaal, bates in die kurator vestig, neem die wetgewing nêrens dat 'n Hof kan besluit om sake anders te reël nie."

Daarna handel FLEMING R met die uitleg van art 127 (2) en toon aan dat die vestigingsbevele in die praktyk nie op hierdie artikel gesteun het nie, en dat dit 'n diskresie verleen om die rehabilitasie te kwalifiseer en nie bedoel was om die insolvent ten koste van die kurator of skuldeisers te bevoordeel nie.

Na ondersoek van die gewysdes waarop gesteun is vir die stelling dat die Hof 'n bevoegdheid het om 'n vestigingsbevel te verleen, "en dat *Ex parte Grobbelaar* 1977 (4) SA 584 (O) die Hof se wye diskresie toom om 'n vestigingsbevel ondanks afwesigheid van krediteure se toestemming te maak".

is dit duidelik dat hy dit nie aanvaar het as gesag vir die aangevraagde bevel nie.

Na verwysing na *Ex parte Odendaal (supra)* konkludeer hy soos volg:

"Die beslissings waarna Horwitz R in die aangehaalde gedeelte verwys, is beslissings van ander Afdelings wat afstanddoening as grondslag vir so 'n vestigingsbevel aantoon. Vgl ook *Ex parte Moolman NO 1943 TPD 258*. Daardie beslissings en latere beslissings toon dat die *Moodley* beslissing nie kon bedoel het om te sê dat 'n Hof 'n vrye bevoegdheid het om die boedel se bates na die insolvent oor te dra nie. Die *Grobelaar* beslissing word gevolglik ook slegs korrek verstaan as die nodige klem daarop geplaas word dat die krediteur 'geen onvoorwaardelike beswaar opgewerp' het teen die vestigingsbevel nie, dit wil sê tot die vestigingsbevel bereid was mits verdere betaling plaasvind aan welke voorwaarde toe, in substansie altdans, voldoende is."

Dit moet ook aangeteken word dat in die *Brown*-saak die bewese krediteur sy volle vordering ontvang het. Wat die ander krediteure betref is dit duidelik dat ingevolge art 127 (2) betalingsgelaas is omdat die rehabilitasie onderhewig gemaak is aan voorwaardes. Hier was geen diskresie erken wat die Hof die mag gee om boedelbates aan die insolvent by rehabilitasie toe te wys nie.

6.9 Ek kom dus tot die slotsom dat die Hof nie 'n diskresie het om aan die applikant enige gedeelte van die erfenis wat 'n boedelbâte is by rehabilitasie toe te wys nie. Die tweede smeekbede moet derhalwe geweier word.

7.1 Die krediteur Trust Bank het 'n kontribusie van R240,07 betaal, en vra dat die rehabilitasiebevel onderworpe gemaak sal word aan die voorwaarde dat die applikant die kontribusie terugbetaal.

Waar die betrokke skuldeiser egter 'n baie aansienlike dividend gaan ontvang wat hierdie kontribusie gaan uitwis, is hierdie na my mening nie 'n geval waar die applikant beveel behoort te word om die kontribusie terug te betaal nie.

8.1 Wat die koste betref, het die applikant my geensins tevrede gestel dat daar enige voldoende rede is waarom die koste nie volgens die uitslag van die aansoek sal wees nie en is die beswaarmakers geregtig op betaling van hulle getakseerde koste.

9.1 Bygevolg word beveel dat:

(a) Die applikant se aansoek om rehabilitasie toegestaan word, maar sy aansoek ingevolge smeekbede 2 vir 'n uitwysingsbevel word van die hand gewys;

(b) die applikant se rehabilitasie is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(i) dat die erfenis wat applikant toegeval het van sy vader, oorbetaal en oorgedra word aan die kurator in applikant se insolvente boedel vir betaling aan applikant se krediteure uiteengesit in paras 4 (b)-(e) en 6 (f)-(g) van die kurator se beëdigde verklaring.

(ii) dat die bevel van rehabilitasie nie in werking sal tree en nie uitgevaardig sal word, alvorens daar by die Griffier van hierdie agbare Hof 'n betalingsbewys deur die kurator ingehandig is dat die erfenis oorbetaal of oorgedra is, of die Griffier tevrede gestel is dat reëlings tot

bevrediging van die kurator en skuldeisers getref is vir betaling of oordrag nie.

(c) dat, indien daar enige oorskot is na betaling van voornoemde skuldeisers, die kurator dit aan applikant sal oorbetaal;

(d) die applikant die koste van opposisie van die respondente betaal.

Applikant se Prokureurs: *Siebert & Honey*. Respondente se Prokureurs: *Israel & Sackstein*.

SV SEPHIRI

(BOPHUTHATHSWANA SUPREME COURT)

1981 January 14 HIEMSTRA CJ

Maintenance—Failure to comply with maintenance order—Contravention of s 11 (1) of Act 23 of 1963 (RSA)—Trial converted into an enquiry under s 5—Competent in such enquiry to decide a paternity issue.

Where an accused was charged with contravening s 11 (1) of the Maintenance Act 23 of 1963 (RSA) in that he failed to comply with a maintenance order and, at the request of the accused, the trial was converted into an enquiry under s 5, it is competent to have a paternity issue decided under such section.

Review.

HIEMSTRA CJ: The accused was charged with contravening s 11 (1) of the Maintenance Act 23 of 1963 (RSA) in that he failed to comply with a maintenance order. At the request of the defence attorney the trial was converted into an enquiry under s 5 of the Act, that is an enquiry to establish whether the maintenance order should stand as it is. This was purportedly done in terms of s 13. The accused's defence was a denial of paternity of two of the five children involved. It is not revealed whether, when the original order was made, he brought paternity in issue. In any event the magistrate, in a request to have the decision reviewed under s 304 (4) of the Criminal Procedure Act, contends that he should not have granted the conversion because s 13 does not contemplate an inquiry into paternity. As he reads the section, the inquiry which may be ordered under s 13 is confined to the financial means of the respondent.

When s 5 is considered in isolation, it must be accepted that paternity can indeed be brought in issue in such an inquiry. Sub-section (4) (a) authorises the maintenance court to make an order "against any person proved to be legally liable to maintain any other person". This clearly brings paternity in issue, and it has been so held in *Moodley v*